DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

Hosea 4:6 *"My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.*"

Geagte leser,

Met hierdie uitgawe het ons weer baie moeite gedoen met die uitsoek van onderwerpe vir die artikels. Ons probeer die onderwerpe so aktueel as moontlik hou om so ook julle die blad van voor tot agter te laat lees.

Om die blad 'n interaktiewe blad te maak en iets vir almal, sal dit lekker wees as julle ook reaksies op die artikels skryf. Kritiek is ook altyd welkom. Doen die moeite om 'n pen te vat en 'n artikel ('n stuk) te skryf oor iets waaroor jy sterk voel. Deel dit met ander mense – ander gelowiges.

Is dit dan ook nie ons taak nie?
2 Tim. 4:2 *"...verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering;..."*

Inteenstelling met Martin Luther het ons dit baie makliker om ons mening te lig. Martin Luther het 31 Oktober sy lewe in gevaar gestel deur die 95 Stellinge op die kerkdeur vas te spyker. Laat ons die vryheid van spraak en geloof – wat ons sover het – dan ook prakties gebruik. Ons word nie deur die regering vervolg oor wat ons sê nie. Hoeveel het jy dan al die jaar gedoen?

Die einde van die jaar kom met 'n spoed nader. Dis die tweede laaste uitgawe van die jaar. Dit was 'n baie geseënde jaar vir die Olielamp gewees. Alles het voorspoedig gegaan. Ons kan die Here vir so baie dankbaar wees.

Namens die Kaapse Redaksie
Lieneke Eefting

INHOUD

Uit die Woord **2**
Die Eerste bede: Laat U Naam geheilig word 2
Ikonium, Listre en Derbe 3
God Soek Liefde 3

Oppad **4**
Hulle het hul nie geskaam nie 4
Bybelstudie Vereniging (3) 6
My hart is onrustig, totdat dit rus vind in U (I) 7

Voel jy ook so? **8**
Die sterre voorspel 8
Is ek my broer se wagter? 10
Die Rassisme Konferensie – Twee Menings 12
Big Brother?! 14

Sosiaal **15**
Brief 15
Sleutelgat 17
Voetspoor 18

Ander **19**
Nuus van die kongresboesman 19
Die doel van die lewe? 19
Verjaarsdae 20

DIE EERSTE BEDE: LAAT U NAAM GEHEILIG WORD

Floris Visser

Christus leer ons in die Bybel bid. Hy doen dit terwyl Hy hier op aarde is op versoek van die dissipels. Ons lees dit in Matt. 6: 9-13.

Jesus begin sy gebed deur die Here se Naam groot te maak. Dit wys dat ons nie ons dinge voorop moet stel nie, maar dat ons altyd wil hê dat God se Naam geheilig word. Doen ons dit in ons eie gebede ook so? Ek dink dat ons baie keer eers ons eie bedes en vrae vra en dan aan die end vra dat sy Naam geheilig word of ons vergeet heeltemal daarvan. As ons dan wel onthou om eers vir die heiliging van sy Naam te vra dink ons baie keer: Kyk, Here, hoe goed is ek, ek het daarvan onthou. In my eie gebede is dit baie keer so. Ek hoop dat dit by ander mense anders is, want die gebed is eerstens daar om sy Naam groot te maak.

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Rinus Kamphuis - kamphuisrk@hotmail.com
Sekretaresse: Karina Smit
Penningmeester: Arjan van Houwelingen
Lede: Willemien Kleijn
Wilma Lubbinge
Anita Zielman
Chris Stolper

Maranata:
Redakteur: Cora Visser - jrvisser@global.co.za
Penningmeester: Daniël van der Meulen
Sekretaresse: Marie Louise van den Bout
Lede: Cornelia Kerkhoff
Frans Hagg
Johan de Vente

Kaapstad:
Redaktrise: Lieneke Eefting - lieneke@xsinet.co.za
Artikelversorging: Christine van der Linden
Jaco Haak
Sekretaresse: Clara van der Vinne
Finansies: Margreet Moes

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker
Bethal: Arnoud van den Bout

Uitleg:
Gerhard Bijker - gerh@rd.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp 9* keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Ek kan ‘n voorbeeld gee uit hierdie tyd. As ons dink aan 11 September en ons dink aan ons gebede van toe. Het ons toe nie as heel eerste in ons gebed gevra dat die Here by die mense in die WTC en by die naasbestaandes moet wees nie? In plek van dat ons eers vra om die heiliging van God se Naam ook in hierdie tyd waar dit lyk of Hy nie in beheer is nie. En waar die mense vir ons vra waar die Here toe was. Dat ons dan daarna vra om krag om ook dan vir die mense te vertel en te wys op sy heilige Naam en te wys dat God tog in beheer was en by die mense daar was.

Paulus het dit ook so verstaan toe hy vir die Filippense gesê het in Fil. 1:20. “*…maar dat Christus met alle vrymoedigheid, soos altyd so ook nou, groot gemaak sal word in my liggaam, of dit deur die lewe of deur die dood is"*. Paulus was dus nie bang om te sterwe nie as dit maar tot die heiliging van sy Naam was.

Wat word presies bedoel met die heiliging van sy Naam? Is dit om sy Naam heiliger te maak as wat Hy is? Nee, sy Naam is dan al heilig, hoe kan ons sondige mense sy Naam dan nog heiliger maak? Dit beteken om sy Naam te eer en te verheerlik. Ons moet in alles wat ons doen Hom eer en groot maak. Die mense moet dus in ons leer en wandel kan sien hoe groot God is.

Hierdie bede is dus nie ‘n passiewe bede nie, maar ‘n aktiewe bede. Ons kan nie net op ‘n stoel gaan sit en wag tot sy Naam geheilig word nie. Ons moet dit deur ons lewenswandel doen. Dis dus ‘n bede vir allerlei dinge wat ons mag doen. Soos die Kategismus ons ook in Sondag 47 leer. “Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken en dat ons U heilig, roem en prys in al U werke…”

As daar iets slegs met ons gebeur en ons die Here sleg wil sê en ons wil vloek, moet ons vir onsself sê dat hierdie gedagte nie reg is nie en hierdie gedagte terugdruk. Ons moet dan vir onsself sê dat God barmhartig en goed is. Ons moet dan saam met Job bely: "Die Here het gegee, en die Here het geneem: die Naam van die Here sy geloofd." Ons moet dan ook altyd onthou dat alles wat God doen ten gunste en ten goede is vir dié wat in Hom glo. Dis somtyds moeilik om daadlik raak te sien, maar later in ons lewe sal ons weet dat alles wat oor ons gekom het, daar was om ons te vorm en om ons geloof te versterk.

So moet ons ook in moeilike tye bly bid en vertrou en ook dan moet ons sy Naam bly heilig. En sy Naam, wat in ons lewe die eerste plek inneem, ook die eerste plek in ons gebede laat inneem.

IKONIUM, LISTRE EN DERBE

Marcel du Plessis

Lees: Hand.14 (nb. 14:11-18)

Paulus en Bárnabas was soos vreemdelinge en bywoners in hulle eie stad/dorp, alles het hulle belaglik laat lyk.

Die een wonderwerk was genoeg om hul waarlik eerbaar te maak in die oë van hierdie mense (skare). Hierdie Jode het vir Paulus en Bárnabas as gode aangesien, wat neergedaal het na hulle toe. Gode met magte wat wonders kan doen.

Paulus en Bárnabas het hul klere geskeur toe hulle hoor dat die mense hulle as gode sien. Want vir hulle het dit oor die EER VAN GOD gegaan.

Hulle het onder die skare ingespring en gevra hoekom hulle dit doen, want hulle is doodgewone mense net soos hulle.

Lees: Psalm 33:15 en Spreuke 27:19
Paulus bedoel dat alle mense met sonde bevlek is en tot alle kwaad geneig is. Hulle verkondig die evangelie aan die mense. Dat die mense hulle moet bekeer van die nietighede van die gode en offers, en dat hulle hul tot die lewende God wat hemel en aarde gemaak het moet bekeer. Want by God alleen is daar vergiffenis van sonde en 'n lewe met Christus.

Paulus en Bárnabas het verder gegaan deur te verduidelik hoe God oor die lewens van mense en die dinge van die natuur regeer. In die verlede het God naamlik toegelaat dat al die nasies op hulle eie weë gaan. Dit het egter nie buite God om gebeur nie en is nie 'n teken dat Hy nie oor die heelal regeer nie. Alles het deur sy toelating gebeur. En tog is die heidene nie verontskuldig nie, aangesien God bewys het dat Hy bestaan en regeer. Dit is nie God se skuld dat hulle Hom nie ken nie, want hy het Homself aan hulle geopenbaar.

Maar selfs met dié woorde kon Paulus en Bárnabas nouliks voorkom dat die mense offers aan hulle bring. Hulle het met die grootste moeite die inwoners oorreed om nie aan hulle te offer nie.

Toepassing:
Paulus en Bárnabas kon maklik die eer vir hulself geneem het en baie gewild geword het. Maar deur die genade en krag van God was dit nie so nie. God het hulle gehelp. Alles wat ons doen moet ons doen om God se Naam daardeur te verheerlik en te vereer en nie ons eie naam nie. Daarom moet ons tot die Here bid sodat ons sy Naam kan verkondig tot opbou van sy koninkryk en tot eer van sy Naam.

GOD SOEK LIEFDE

Willemien Kleyn

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod."
Matthéüs 22:37-38

Die afgelope maande het ons die eerste vier gebooie behandel. Hierdie gebooie vertel ons hoe God gedien wil word. God wil hê ons moet Hom alleen dien, en dan nie soos ons wil nie, maar op sý manier (1ste en 2de gebod). Verder mag ons sy Naam nie ydellik gebruik nie en moet ons sy Sabbatdag heilig (3de en 4de gebod). God laat dit nie aan ons oor hoe Hy gedien wil word nie. Hy gee vir ons sy gebooie. Maar God soek veel meer as net die uiterlike vervulling van sy wet. God soek ons hart, ons siel, ons verstand. God soek ons hele wese. Ons moet God só volledig liefhê.

Vandag het die woord liefde amper soos 'n stopwoord geword. Ons hoor dit baie. Mense beskou dit as 'n emosie, 'n sagte gevoel. Maar liefde, ware liefde, is baie meer as dit. Ware liefde

vir God is nie bloot 'n emosie nie. Nee, ware liefde is 'n volmaakte gehoorsaamheid. 'n Gehoorsaamheid aan God se Wet. Dit laat ons in élke lewensituasie vra "wat wil God hê dat ek moet doen?"

Jy vertrou jouself volledig aan God toe. Jy dien Hom met jou hele hart. Met jou gevoelens (siel) soek jy nie jou eie bevrediging nie, maar toon jou liefde vir God. Jy soek ook nie bevrediging vir jou eie verstand nie, maar onderwerp jou verstand aan God. Jy raak ontslae van alles wat dié liefde belemmer.

Dit is die eerste en groot gebod, om God só lief te hê. Dan is daar ook nog die tweede gebod, die gebod om jou naaste lief te hê. Christus sê dat hierdie gebod gelyk is aan die eerste (Mat 22:39-40). Hulle is ewe belangrik. Deur ons liefde vir die naaste bewys ons ons liefde vir God. Die laaste ses gebooie van die Wet gaan ook meer spesifiek oor hierdie liefde vir die naaste. Ons hoop om volgende jaar meer aandag daaraan te kan skenk.

Die vraag kan opkom of God nie te veel vra as Hy vir hierdie perfekte liefde vra nie. Ons kan dit onmoontlik gee. Ons is sondig. Moet God nie liewers sy eise 'n bietjie laer stel nie? Nee. God het ons perfek geskape. Ons kón dit doen. Dis ons sonde en ellende wat ons nou daarvan weerhou. Die gebod van liefde wys ons weereens op ons totale verderf (sien ook Sondag 2).

Maar deur God se genade mag ons ook 'n uitweg sien. God het sy Seun gestuur om vir ons die pad na die hemel weer oop te stel. Ons mag daarna uitsien dat ons God weer eendag volledig sal liefhê. Eendag, as God ons weer perfek herskep.

Bron: *De Rijkdom van Gods Vaderzorg: Heidelbergse Categismus Zondag 1-10* – Ds A.J. Van Zuijlekom.

Oppad

HULLE HET HUL NIE GESKAAM NIE

Behoorlike kleding

Dikwels in die verlede is al probeer om 'n Bybelse mode vir kleredrag te ontwerp. Veral vir (jong)vroue. Word daar nie veral van die vroue gesê dat hulle hul moet versier met "behoorlike kleding" (1 Tim. 2:9), "met beskeidenheid en ingetoënheid, nie met vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere nie". Goud en pêrels is sommer gou taboe en daarmee saam alles wat bietjie lyk na weelderigheid. En waar Paulus vergeet het om die maatband se lengte vir rokke uit te spel, is die apostel dikwels al 'n handjie bygesit om die reëls duidelik uit te spel. Vir baie beteken "beskeidenheid en ingetoënheid" in elk geval so iets soos vyf jaar agter die heersende mode of 'n ignorering van wat enigsins gaande is in kleredraggewoontes van ons tyd en kultuur. Behoorlike kleding sou maklik verstaan kon word as outydse, kleurlose en uniformagtige uitrustings wat in elk geval die doel voor oë het om te probeer kamoefleer dat die draer daarvan 'n vrou is. Kom ons kyk bietjie wat sê die Woord van die Here oor die oorsprong en nut van kleredrag.

Skaamte

"Ek wens die grond sluk my in". Só sê iemand wat skaam voel. Iemand wat blootgestel en kwesbaar voel. Die Here het vir ons klere gegee om ons te help met hierdie gevoel van skaamte. Nie net klere nie. Maar ons wil juis 'n bietjie gaan nadink oor die betekenis van ons kleredrag en hoe ons daarmee as gelowiges behoort om te gaan. En dan sal ons sien dat kleredrag en skaamte alles met mekaar te doen het. 'n Gevoel van skaamte vra om bedekking. Beskerming.

Die paradys

Hoe anders was die lewe in die paradys as ons lewens! In die paradys het Adam en Eva nie klere nodig gehad nie. Hulle was altwee naak en hulle het hulle nie geskaam nie (Gen. 2:25). Hulle het nie bedreig gevoel of dit nodig gehad om bedek te word vir mekaar nie. Want daar was nog nie sonde wat hulle verhouding met mekaar en met die Here versteur het nie. Hoe anders word dit nie na die sondeval nie! Onmiddellik word hulle daarvan bewus dat hulle naak is. Adam en Eva voel onbeskermd. Nie in die eerste plek teenoor mekaar nie. Hulle word skaam vir die Here. Saam gaan hulle vir die Here wegkruip. En voor dit maak hulle nog rokke vir hulself om hul verleentheid te probeer wegsteek vir die Here.

Hierdie gevoel van skaamte was nie maar 'n verkeerde gevoel wat hulle moes leer oorkom nie. Die Here onderstreep hulle skielike nood toe Hy self vir hulle nog beter klere van velle maak om hulle daarmee te bedek. Nou is dit baie belangrik dat ons hier sal sien dat die skaamte van Adam en Eva oor veel meer gaan as 'n skaamte in die eng seksuele sin van die woord. Skaamte word in baie verskillende situasies ervaar. Wanneer ek 'n ondeurdagte ding sê en almal my uitlag, voel ek ook asof die grond gerus

maar kan oopmaak en ek vir altyd verdwyn. Skaamte het te doen met ’n gevoel van onveiligheid; met ’n situasie waarin ek "bedreig" voel. Dink maar aan die uitroep wat die ongelowiges sal hê in die dag van Christus se wederkoms: "Berge val op ons; berge bedek ons!". Hulle sal blootgestel voel aan die kyk/blik van die Here. Onbeskermd. Skaam. En met skaamte vra om bedekking!!

Skaamte en naaktheid

Adam en Eva het hulle nie vir mekaar geskaam nie. Waarom was dit so? Was hulle maar bloot naïef en nog maar onbewus van hulle seksualiteit? Verseker nie! Die Here gee vir Adam (en Eva!) die opdrag om vrugbaar te wees en te vermeerder. Wanneer die Here dan vir Eva na Adam bring, herken hy vir Eva as die "hulp" wat by hom pas! Ook vir die "vrugbaar wees" en "vul van die aarde"!

Maar waarom dan geen skaamte nie? Wel, Adam en Eva het niks gehad om weg te steek nie. Hulle het nie onveilig gevoel nie, want hulle verhouding met die Here was nog goed, so-ook hulle verhouding met mekaar. Eers toe hulle sondig, voel hulle onveilig (skaam) by die Here en mekaar. Vir die Here en vir mekaar moet hulle bedek word. Julle sien dat hulle skaamte oor veel meer gaan as bloot seksuele skaamte. Dit is die bewuswording van hulle sondigheid. Sondigheid wat ons verhouding met die Here, maar ook met mekaar (ook tussen die geslagte) grondig versteur! Skaamte maak bang. So word Adam en Eva bang vir die Here (Gen. 3:10). Hulle was bang, want hulle was naak.

Liefde dryf die vrees na buite (1 Joh. 4:18)

Ons gevoelens van skaamte word nie oorwin wanneer ons die sondeval ignoreer nie soos in die naakkultuur van ons tyd! Ons verhouding met die Here en met mekaar word nie herstel wanneer ons



hou alle inhibisies skaamteloos oorboord gaan goor nie. Ons kan nie gaan maak asof die sondeval nie daar was nie! Gebrek aan skaamtegevoel het juis dikwels alles te doen met ’n gebrekkige sondebesef! Dit is net die liefde van die Here wat ons gevoelens om ons verleenthede weg te steek, kan wegneem.

Hoe pragtig word ons nou nie opgeroep om ons "met Christus te beklee" nie! Met sy geregtigheid. Dan sal ons nie meer naak wees nie. Dan sal ons nie meer bang wees vir die Here nie. Verhoudings tussen mense onderling word ook weer reggemaak. Ook tussen die manlike en vroulike geslag.

Klere en skaamte

Miskien is dit nou duidelik dat ons kleredrag te doen het met ons skaamte. Ja, ook met ons seksuele skaamte, al is dit nie al waaroor dit gaan nie. Na die sondeval kan mans en vroue nie meer met die teenoorgestelde geslag se naaktheid omgaan sonder om dit verkeerdelik te gebruik nie. Ook teen hierdie verkeerde moet ons klere ons beskerm. Onsself ja, maar ook die ander. Ek moet beskerm word teen die grenslose kyk van die ander. Tegelyk moet die ander beskerm word teen my gebruik van my liggaam buite die grense wat die Here daarvoor gestel het. Ons liggame is immers tempels van die Heilige Gees. Om hierdie rede verbied die Here alle onkuisheid by ons. Ons klere help onder andere om ons liggame te beskerm teen misbruik.

Kleredrag kan nooit die bedoeling hê om die onderskeid tussen man en vrou weg te neem nie. Dit mag dit selfs nie doen nie! Ons sal nooit deur kleredrag volmaak beskerm wees teen die moontlike misbruik van ons seksualiteit nie. Maar kleredrag met wysheid (kuisheid!) gebruik, dien wel tot bevordering van ’n rein lewe met ons naaste. Klere dien nog meer doele. Dit versier ons ook (1 Tim. 2:9). Verder onderskei dit geslagte. Ons liggame word teen die koue en brandende son en wind beskerm.

Kleredrag hoef nie weg te steek dat ons ’n jongman of andersins ’n jongvrou is nie! Kleredrag moet ’n doel gaan dien. Dit moet funksioneel wees. Swemdrag gaan verskil van straatdrag. Slaapdrag van drafdrag. Uitgaan-drag met iemand spesiaal gaan verskil van privaatdrag agter ’n toe kamer- of voordeur. In alles bewus van ons "naaktheid" voor die Here vanweë ons sonde, mag ons ons beklee met Christus en sy geregtigheid en verder versier met godsvrug en goeie werke (1 Tim. 2:9-10). Dan word alle vrees weggeneem. Vir die sondige kyk van die ander en die misbruik van my eie liggaam om ’n ander ’n slaaf van my te maak.

BYBELSTUDIE VERENIGING (3)
Die werk van die voorsitter

Frans Hagg

1. Goeie voorbereiding is noodsaaklik
Die belangrikheid van goeie voorstudie is baie duidelik en staan vas. Niemand sal daaroor stry nie. Sonder goeie voorstudie, veral die voorsitter s'n, het 'n invloed op hoe die vergadering gaan verloop. En dit is nie net belangrik om voor te berei nie, maar ook om op die regte manier voor te berei. Die voorsitter moet weet wat van hom of haar verwag word.

Dan moet die voorsitter ook voorbereid wees op moontlike vrae wat gevra kan word tydens die bespreking. Om te weet wat se soort vrae die lede gaan vra moet die voorsitter die lede ken. As die vrae gevra word, moet die voorsitter nie so gou as moontlik die goed opgesomde antwoord verskaf of gou 'n teks aanwys waar die antwoord in staan nie, maar laat die lede eers daaroor praat en dit bespreek.

2. Voorbereiding op 'n bybelstuk en Kerkgeskiedenis
Hieroor kan 'n mens baie bladsye volskryf. Maar dit is nie nou die idee nie. Laat ons net kortliks daarna kyk.

BYBELSTUK: Die eerste taak is om te kyk wat die Here in die bybelstuk vir ons wil sê. En dan ook daarna te luister. Dan is die voorsitter nie afhanklik van die vrae wat gevra word nie, maar kan hy/sy saam met die res van die vereniging gaan kyk wat die stuk vir ons sê. Dan kan daar ook gekyk word na wat die stuk vir ons vandag sê in ons besige lewe.

KERKGESKIEDENIS: Hoe kan 'n mens iets sinvol sê as 'n mens nie grondige kennis het van die onderwerp wat behandel word nie? Hoe kan die voorsitter die vergadering goed lei as hy/sy nie weet wat aangaan nie? Dit is dus baie duidelik dat die voorsitter goed moet voorstudie maak. Deur goed voorstudie te maak kan die voorsitter die groot dade van die Here uitwys in die geskiedenis van die kerk. En sodoende kan ons dan ook vandag sien hoe die Here in ons lewe werk.

3. Die mooi kant van die taak as voorsitter
Gebeur dit nie partymaal dat die vergaderings hand uit ruk nie? Ja, soms is dit nodig om gesag uit te oefen. Maar allereers moet die voorsitter 'n goeie voorbeeld stel deur goed voorbereiding te doen en sodoende die lede op 'n goeie manier te betrek by die vergadering. Dit kan gedoen word met vrae soos: "*Wat dink jy daarvan?*" of *"Waarom sou dit nou hier staan?*" So word die lede bygetrek en voel hulle dat hulle ook deel is van die bybelstudie. Dit kan veral met die stiller/skamer mense gedoen word. Dan moet die lede wat altyd 'n antwoord het of altyd eerste praat nie elke keer kans gegee word om te antwoord nie. Sodoende ontstaan daar 'n balans en 'n sfeer van vertroue onder mekaar en dan sal die vergadering beter verloop.

En dan moet ons almal nie vergeet nie dat ons met God se Woord besig is en uit daardie oogpunt die vergadering lei. Net soos God sy Kerk met liefde lei, moet die voorsitter dieselfde doen. En wat se groot eer is dit nie vir die voorsitter nie om so 'n vergadering te mag lei as dienskneg van God.

4. Die moeilike kant van die taak as voorsitter
Wanneer is daar goeie orde in die vereniging? Op ons vergaderings moet daar orde heers. Sonder orde kan die vergadering nie 'n sukses wees nie. Alle wanorde moet onder hande geneem word sonder om 'n diktator te wees. Dit word gedoen deur met geduld en wysheid die lede te lei en te wys waar hulle oortree.

Goeie orde kan slegs gehandhaaf word as die lede met aandag aan die bespreking deelneem. Dis dan die voorsitter se taak, indien nodig, om die lede se belangstelling te wek deur die vergadering op 'n lewendige en interessante manier te lei. En almal daarby betrek sonder om te veel op sekere lede se koppe te sit. Die voorsitter se leiding moet dus rustig en beheers wees.

Indien die orde wel versteur word, moet daar wel teen opgetree word. Maar dan moet die voorsitter omslagtig te werk gaan. En nooit moet die situasie met drif en onbesonne dade hanteer word nie, maar wel deurtastend. En dan moet daar ook gelet word op wie die persoon is wat die orde versteur. Elke lid is anders en met anders behandel word. Maar wees ferm. Dit gaan nie oor die voorsitter nie, maar oor die byeenkoms onder God se Naam. Dit moet ook duidelik gemaak word aan die lede.

5. Enkele voorbeelde van orde maatreëls.
Piet Onrus
'n Lid is baie onrustig en kan nie stilsit nie, mompel iets na regs en links en lei sy omgewing se aandag heeltyd af. So 'n persoon kan 'n paar keer in die vergadering aangespreek word en as dit nie resultate oplewer nie kan daar na die tyd met hom/haar

gepraat word sonder dat die ander lede daarvan hoef te weet.

Mariekie Praatgraag
'n Paar vriend(inn)e wat langs mekaar sit kan dit net nie laat om met mekaar onderlangs te praat nie en daardeur mekaar se aandag af te lei van die bespreking.

Weereens kan hulle eers tydens die vergadering aangespreek word sonder om 'n hele *show* daarvan te maak. Indien dit bly aangaan, kan die voorsitter self, of saam met die ander voorsitter hulle na die tyd gaan aanspreek en dan ook aan hulle duidelik maak dat hulle die ander steur en sodoende die vergadering ontwrig. Noem aan hulle dat indien hulle nie daarmee ophou, nie verdere strenger maatreëls getref sal word. Tydens die vergadering kan die voorsitter ook 'n tydjie stilbly indien die lede bly onderlangs praat, of hulle stip aankyk totdat hulle ophou.

Dit kan gebeur dat die hele groep onrustig raak of is. Ons moet nie dadelik die vinger na die voorsitter wys en sê dat hy/sy nie orde kan handhaaf nie. Nie almal is opgewasse vir so 'n situasie nie. Hier volg 'n paar maniere om dit onder beheer te kry:

1. Rustig en beheers, maar wel deurtastend leiding gee.
2. Deur grondige voorbereiding self iets aan te bied tot die vergadering.
3. Alle lede sover moontlik by die vergadering betrek.
4. Sorg vir 'n vlot verloop van sake.
5. Sorg dat die vergadering nie te lank duur nie. Vat pouse indien nodig.
6. Sorg vir afwissellende maniere van vergader.
7. Sorg vir die mees geskikte manier om die tafels te rangskik.

Ons kan nou sien dat dit nie 'n maklike taak is om voorsitter te wees nie. Laat ons mekaar help in die taak, of ons nou lid of voorsitter is, sodat ons tot eer en verheerliking van God se naam kan vergader.

Verwerk en vertaal uit: ***Werken in het verbond****; handleiding ten dienste van leid(st)ers en ouderbesturen*

MY HART IS ONRUSTIG, TOTDAT DIT RUS VIND IN U (I)

- die skokkende realiteit van postmodernisme

Ek is seker die meeste van ons hoor hierdie woord gereeld: "postmodernisme". Ek is verder seker die meeste van ons hoor die woord, wonder wat dit is en vergeet dit dan weer. Ek is ook baie seker die meeste van ons sou ons baie meer met hierdie saak besig gehou het, indien ons geweet waaroor dit gaan. Want postmodernisme is baie meer as net 'n filosofie; dis 'n tendens, 'n gees, 'n *attitude* in ons kultuur, in ons lewe van elke dag, … en selfs in ons kerke! Hoe dwaas sal ons dan wees as ons nie op hoogte kom van iets wat ons daaglikse lewe beïnvloed nie en wat die potensiaal het om ons lewe met die Here ingrypend te verander.

Die Bybelse boodskap
Hoekom nou by die Bybel begin as ons oor postmodernisme praat? Lees bietjie 1 Kor. 1:17-31, dan sien jy die skerp skeiding tussen die Bybelse boodskap en die wysheid van hierdie wêreld: *Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God…, maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke, maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God* (v. 18, 23-24). Ook Gal. 5:17: *want die vlees begeer teen die Gees en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie*. Sien jy hierdie skerp skeiding? Die Bybelse boodskap laat hom nie versoen met die gees van die tyd en die wysheid van die wêreld nie. Ja, God se Woord kom ***in die tyd*** na ons toe, maar dan vra dit volledige gehoorsaamheid en onderworpenheid aan God se wysheid en aan sy Gees!

Wie nie bewus is van die skerpte en die *skeiding-bringende* aard van God se Woord nie, sal ook nie raaksien waarmee ons te doen het as die gees van die postmodernisme stadig sy kleed om ons wikkel nie, 'n kleed van individualisme, subjektivisme, relativisme en, ja, … uitsigloosheid!

Wat is hierdie Bybelse boodskap dan? Kom ons begin gewoon by die begin (dis oor die algemeen nogal 'n goeie plek om te begin) en dan skerp ons mekaar net weer vir 'n slag op in die heerlike waarheid van God se Woord:
In die begin het God die hemel en die aarde geskape! Nie 'n slegte begin nie? 'n Heerlike begin! Want dit is wat dit was – heerlik, mooi en goed. Ek wil net twee belangrike elemente uitwys in God se goeie skepping:

God skep universeel sowel as individueel – hierdie wysheid van God is 'n gegewe in die skepping. Ons

kry in die natuur diere (universeel), maar binne die groep diere kry ons 'n geweldige verskeidenheid soorte diere. Binne een soort dier, bv. honde, kry ons ook nog 'n groot verskeidenheid, bv. poedels, rotweilers ens. Verder kan ons sê dat elke poedel ook nog 'n eie individu is. Dieselfde geld vir mense: universeel is almal mense, maar binne die mensdom kry ons verskillende volke en rasse en daarbinne is elke mens 'n individu. Die universele stel ons in staat om met mekaar om te gaan, om saam in 'n gemeenskap, 'n land en ook 'n kerk te leef. Die individuele keer dat die aparte persoon opgaan in die geheel en sorg dat elkeen steeds beeld van God in eie reg bly (lees Gen. 1 hieroor).

'n Tweede element is die wetmatigheid/orde wat God in en aan die skepping gegee het. Daar is 'n bepaalde orde ***in*** die skepping: dag en nag, seisoene (Gen. 1:14-18), diere vir die see en diere vir die aarde (Gen. 1:21, 25) ens. Maar daar is ook 'n orde ***vir*** die skepping: ons sien dat God die mens gemaak het om te vermeerder, om te heers oor die aarde, maar dat Hy duidelik aan hulle ook sy wet gegee het, naamlik dat hulle nie mag eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie (Gen. 2:17).

Kom ons gaan verder met die Bybelse boodskap: ná die goeie skepping vind die sondeval plaas. Die mens het hom teen God verhef en was ongehoorsaam aan die Een wat hom geskape het en met wie hy in vrede mog lewe. Só het daar skeiding gekom tussen God en die kroon van sy skepping, die mens; 'n skeiding waarin God steeds God gebly het, maar waarin die sondelose mens tot in sy diepste wese sondig geword het! Ons het egter 'n genadige God en net ná die sondeval beloof Hy al redding (Gen. 3:15). Dis egter nie 'n goedkoop redding nie; daar sal stryd wees en daar sal 'n onversoenbare skeiding ontstaan (soos hierbo reeds gesê): *Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad.* Maar dank die Here: daar IS hoop! God los nie net sy skepping ná die sondeval nie. Nee, Hy het 'n plan, 'n plan van herskepping.

Wanneer ons die Bybelse boodskap verder volg, sien ons dat God met 'n volk verder gaan, sy volk (vanaf Gen.12). Hierin word duidelik dat God nie eerstens met individue werk nie, maar dat Hy 'n vólk vir Hom vergader. Natuurlik, binne daardie eenheid van sy volk het God die grootste bewoënheid oor elke individu. Hy ken elke persoon (Psalm 139:1, 16). Maar God loop met sy vólk 'n pad. Hy wil hulle in die beloofde land bring. Onderweg gee Hy aan hulle sy wet: dis die riglyn vir hulle lewe; dis die manier hoe hulle Hom moet dien. Oor die manier waarop God gedien wil word, is Hy dus nie onduidelik nie; die weg tot die lewe word helder aan die volk voorgehou. Desondanks val die volk telkens weer in sonde – dink byvoorbeeld net aan die rigterstyd toe *elkeen gedoen het wat goed is in sy eie oë* (Rigters 21:25). Die Here se straf bly dan ook nie uit nie; Hy tugtig sy kinders om hulle sodoende ook by die lewe te hou, die ware Lewe! God stuur ook profete om sy volk te waarsku, Hy is soos 'n hen wat haar kuikens onder haar vlerke bymekaar maak, maar sy volk wou nie (Matt. 23:37).

En toe? *Toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang* (Gal. 4:4-5). Ja, die wet, die offers, die rituele wys alles heen na die Verlosser. Hier bereik God se herskeppingswerk 'n hoogtepunt. Sy volk word losgekoop van die vloek van die wet en van die mag van die sonde! Christus IS die weg, die waarheid en die lewe (Joh. 14:6). En hierdie boodskap van verlossing bly nie slegs beperk tot Israel nie, nee, ná die uitstorting van die Gees mag alle volke, nasies en tale hierin deel. Lees bietjie Handelinge en sien hoe hierdie evangelie van redding oor die hele wêreld versprei word. Christus regeer vanuit die hemel en bou sy kerk! Hierdie boodskap het ook nou, deur God se Woord, tot ons gekom.

Dít is (in kort) die Bybelse boodskap. Wat 'n kragtige boodskap! Daar is 'n doel in hierdie boodskap, daar is hoop in hierdie boodskap, daar is krag in hierdie boodskap. Die Woord van God is met reg 'n swaard in ons hand (Ef. 6:17), 'n skerp swaard, wat skeiding handhaaf tussen homself en die gees van ons tyd, die postmodernisme. Laat ons hierdie swaard gebruik teen die postmodernisme. Laat ons die swaard ook gebruik om in eie vlees te sny, in daardie plekke waar die postmodernisme reeds sy dodelike kloue geslaan het.

In hierdie uitgawe het ons gekyk *waarmee* ons stry; volgende keer kyk ons verder *waarteen* ons stry!

Jou sterre sê deur Lieneke Eefting

Daar is bitter min van ons mense oor wat nie weet watter sterreteken ons is nie. Baie lees die horoskope sogenaamd vir die grap en dan nog reëlmatig ook. En dit terwyl die horoskope in die dag en weekblaaie 'n duidelike bedriegspul is. Kyk maar as jy 'n paar uit verskillende koerante vat en langs mekaar neerlê. As 'n mens daaroor nadink, kan jy agterkom dat dit duidelik net bedrieëry is. Op hoërskool het ek vier mense in my klas gehad wat dieselfde dag verjaar het –

dit het hoort gebeur dat ons dieselfde goed deurgemaak het nie. Hoe werk astrologie dan? In *Die Burger* was daar altyd ook by die horoskope *Vandag se baba*. Dit het altyd beskryf watter soort geaardheid die baba gaan hê wat daardie spesifieke dag gebore is. Dink net: daar word hoeveel duisende babas per dag gebore, loop hulle almal met dieselfde geaardheid rond?

Dit is ontstellend hoe baie mense glo dat sterre ‘n invloed op hulle lewe het.

Hoekom is sterre voorspel so verkeerd? Ek lees dit dan ‘n week na die tyd? En in elk geval, ek glo nie daarin nie, ek kyk maar net hoe naby hulle aan die werklikheid kom.

Astrologie is vir die mens ‘n groot gevaar. Dit is gebaseer op ‘n misleidende illusie, ‘n leuen. Dis nie net erg as ‘n mens ‘n leuen volg nie, maar die demoniese bedoeling van die leuen is dat ‘n mens sy vertroue van God afhaal en geleidelik meer in die hande van die Satan speel – Satan, die leuenaar en mensemoordenaar van die begin af.

Johannes 8:44 *Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ‘n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan.*

Kyk maar na die tema van die horoskope, dit het altyd te doen met die materiële kant van die lewe, soos sukses in jou beroep, geluk in liefde, die vermyding van teenslae, finansiële gewin, ens. Mense wat besonder gevoelig is daarvoor, sal hulle deur hierdie lis van die Satan ontwikkel tot persone wat nie meer ‘n gevoel het vir morele pligte nie, maar net aan geld of genot dink. ‘Slagoffers’ van astrologie val altyd óf in hierdie gevaar óf, as hulle emosioneel nogal onstabiel is, in die ander gevaar: hulle ontwikkel tot melancholiese, apatiese, fatalistiese mense.

Daar was dié verhaal van ‘n vrou wat haar seun doodgeskiet het en haarself gaan aangee het by die polisie; haar rede: ’n astroloog het voorspel dat haar siek seun nooit meer geestelik gesond sou word nie. Die vrou is veroordeel, maar die astroloog nie…

Hierdie fatalistiese en suggestiewe effek van astrologiese voorspellings (d.w.s. dat die slagoffer onbewus of bewus die vervulling van die voorspelling gaan aanhelp) is meestal rampspoedig. Daar was ‘n jong man wat ‘n horoskoop gekry het waarin voorspel is dat hy nie met sy eerste vrou nie, maar met sy tweede vrou geluk sou vind. Op sy troudag sê die man vir sy broer: “*Die vrou wat ek vandag trou, is nie die regte een nie. Eers my tweede vrou sal my gelukkig maak. Maar om my tweede vrou te kry moet ek eers my eerste vrou trou”*. Daar was niks verkeerd met sy eerste vrou nie, sy was ‘n ordentlike meisie en sy ouers was baie ingenome met haar. Nadat hulle drie kinders gehad het, laat hy sy vrou en kinders in die steek en trou kort daarna met sy tweede vrou, wat hy dog gaan hom gelukkig maak. Die vrou het ‘n Jehova-getuie geword en die huwelik het net ‘n jaar gehou.

In ‘n ander geval het ‘n meisie wat verloof was haar horoskoop laat lees; daarin het gestaan dat hulle verlowing sou verbreek en dat sy ongetroud sou bly. Sy was baie geskok, omdat sy baie lief vir haar verloofde was en hom nie wou verloor nie. Sy was so bang dat sy selfmoord wou pleeg. Gelukkig is sy verhinder om selfmoord te pleeg en het selfs tot bekering gekom. Kort daarna het ook haar verloofde die Here Jesus as sy Verlosser aangeneem. Hulle het getrou en ‘n gelukkige huwelik gehad. Dit is ‘n geval waar Christus die demoniese krag van die horoskoop deurbreek het.

Demoniese krag – dit is nie oordrewe gesê nie; so het ‘n predikant dit ervaar wat teen ‘n aansienlike bedrag ‘n deeglike horoskoop laat

trek met die duidelike doel om te bewys dat astrologie niks anders as onsin en bedrog was nie. Hy het dus rustig gewag, met sekerheid dat die voorspellings nie sou waar word nie. Tot sy ontsteltenis het hy agtergekom dat tot in die kleinste besonderhede die voorspelling van die astroloog van jaar tot jaar reg uitgekom het. Van suggestie kon nie sprake wees nie. Ten slotte het hy gesien dat hy met die eksperiment gesondig het en dat hy 'n slagoffer geword het van die demoniese kragte wat deur die horoskoop gewerk het. Hy het onmiddellik sy sonde bely en het homself van alle verbindings met astrologie verbreek. Tot sy blydskap het hy vasgestel dat vanaf daardie oomblik die vervulling van die voorspellings nie meer plaasgevind het nie – 'n duidelike bevestiging van die werking van demoniese kragte in astrologie. Dit veroorsaak ernstige psigiese steurnisse, 'n verlammende fatalisme, 'n angs vir die lewe, en 'n onderdrukking van die inisiatief en oordeelsvermoë. Astrologie is afgodery, want hulle skryf aan sterre en planete die invloed toe wat net God op ons lewe het. **Ons word opgeroep om ag te gee aan die hemel - nie om ons lewe te laat beheers deur sterre nie, maar agter die sterre ons Skepper en Onderhouer te sien.**

Psalm 8:4 *As ek die hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het…*

Psalm 19:2-7 *Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande. Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: daar is geen ander spraak en daar is geen woorde nie – onhoorbaar is hulle stem. Hulle meetsnoer gaan uit oor die hele aarde, en hulle woorde tot by die einde van die wêreld. Vir die son het hy daarin 'n tent gemaak; en dié is soos 'n bruidegom wat uitgaan uit sy slaapkamer; hy is bly soos 'n held om die pad te loop. Sy uitgang is van die einde van die hemel af, en sy omloop tot by die eindes daarvan, en niks is verborge vir sy hitte nie.*

Job 9:4-10 *Hy is wys van van hart en sterk van krag; wie was hardnekkig teen Hom en ongestraf gebly? Hy wat berge versit sonder dat hulle dit merk; wat hulle omkeer in sy toorn; wat die aarde laat sidder uit sy plek, sodat sy pilare dril; wat bevel gee aan die son, en hy gaan nie op nie, en die sterre agter 'n seël wegsluit; wat alleen die hemel uitspan en stap op die golwe van die see; wat die Beer gemaak het, die Orion en die Sewe-ster en die Kamers van die Suide; wat groot, ondeurgrondelike dinge doen en wonders sonder getal.*

Job 38:31-33 *Kan jy die bande van die Sewe-ster knoop? Of die toue van die Orion losmaak? Kan jy die die Diereriem uitbring op sy tyd? En die Beer met sy kleintjies lei? Ken jy die wette van die hemel? Of kan jy sy heerskappy oor die aarde bestel?*

Astrologiese voorspellings word nog steeds gegrond op die kennis van sterre en planete van duisende jare gelede, asof daar geen wetenskaplike vooruitgang was nie. Om maar net een te noem: daar is intussen drie planete meer ontdek.

Astro**logie** moet nie verwar word met astro**nomie** nie.

Lees gerus: 'Het domein van de slang' deur dr.W.J. Ouweneel

IS EK MY BROER SE WAGTER?

Halieus canis maris

Hoe kyk ons na ons lewe? Het ander daarin 'n belangrike plek? As jy aan jou lewe dink wil jy dan vry wees of wil jy ook verantwoordelikheid vir ander neem? Is ons bereid om selfs onsself beperkinge op te lê om ander te help? Is ons bereid om onsself beperkinge op te lê om daarvoor te sorg dat daar nie onnodige belemmeringe vir die evangelie of vir die eenwording met ander ware gelowiges is nie? Dit is dinge waaroor ek vanuit die Bybel iets wil skryf.

Hoe voel ons?

Ons wil ons eie baas wees. Ons wil doen wat vir ons lekker is. Ons wil soveel as moontlik van die lewe geniet. Nou is *geniet van die jare dat ons jonk is,* nie verkeerd nie. Die HERE roep

ons selfs op om dit te doen: *"Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring. En weer verdriet uit jou hart, en hou die kwale weg van jou liggaam, want die jeug en die jonkheid is nietigheid."* Pred 11:9,10.

Hierdie woorde spreek ons aan. Ons hou daarvan om te geniet. Om van mekaar as jeug te geniet. Om saam dinge te doen en van die natuur te geniet. Ons gebruik ook baie van ons geld om saam met ander op plekke te geniet. Dit is nie verkeerd nie, maar dink ons genoeg aan ander en aan wat die kerk nodig het?

Wil ons sekere dinge opgee?

Jy wil geniet, jy het nou nog nie baie verantwoordelikhede nie en jy wil nog van jou vryheid geniet. Jy gaan nou Hatfield toe en een van jou vriende gaan ook saam. Jy weet dat jou vriend gou 'n bier te veel sal drink. As hy met een bier begin kan hy nie meer ophou nie. Is jy en ander dan bereid om saam met hom na Hatfield toe te gaan en net Coke te drink die hele aand? As jy by die huis 'n partytjie hou en jy weet dat onder die jeug wat kom een of twee is wat 'n probleem met drank het, is jy dan bereid om net koffie of koeldrank te skenk?

As hierdie dinge gebeur, stel die HERE ons op die proef. Leef ons vir ons eie plesier of luister ons na wat die Here Jesus vir ons sê: *"Jy moet jou naaste liefhê soos jouself"* Matt. 22:39. As ons regtig ons naaste soos onsself liefhet, doen ons alles om te voorkom dat die ander sondig en daardeur by God wegbeweeg. Baie belangrik vir ons is 1 Kor. 8.

Dan sal ek in ewigheid geen vleis eet nie

Sekere vleis was in Korinthe aan die afgode gewy en daarna kon jy dit by die slagter koop. Paulus maak duidelik dat dit geen probleem is om hierdie vleis te koop en te eet nie. Die afgode bestaan nie, dus kan jy hierdie vleis maar eet.

Nogtans is daar 'n gevaar. Sekere mense in die gemeente is nog swak in hulle geloof. As hierdie vleis gekoop en geëet kan word, beteken dit vir hulle dat hulle ook die afgode weer kan eer. Hierdie vleis trek hulle weer terug na die afgodstempels om daar die afgode te dien. Paulus sê duidelik dat dit vanweë hulle swakheid in die geloof is. Nogtans sê hy nie dat die sterkes in die geloof nou hulle krag moet wys deur hierdie vleis te koop en te eet nie. As die eet van hierdie vleis een broer of suster op die verkeerde pad bring en die sterkes bly hierdie vleis eet, sondig die sterkes "*teen Christus"* (vers 12).

Dan skryf Paulus selfs in vers 13: "Daarom, as voedsel my broeder laat struikel, sal ek in der ewigheid geen vleis eet nie, om my broeder nie te laat struikel nie." As ek van my lewe geniet, moet ek as Christen altyd daarop let dat dit wat ek doen ook goed vir die ander in die gemeente is.

Onbeperk geniet?

As ek my naaste liefhet, beteken dit dat ek nie **onbeperk** mag geniet nie. Ek moet altyd leef binne die perke van God se wet. As ek geniet van dinge wat teen God se wil ingaan, is dit genot wat nie by die lewe van 'n Christen behoort nie. Dit is sondige genot wat ons skuldig teenoor God laat staan.

'n Mens mag geniet, maar dit beteken nie dat jy alles vir jouself mag gebruik nie. Die leef vir Christus en sy Koninkryk beteken dat ons nie vir onbeperkte genot mag leef nie.

Ons moet daaraan ook dink as ons geld uitgee. As ons in 'n naweek met vriende uitgaan is dit nie snaaks dat dit ons 40 of 50 rand kos nie. Is dit dan reg as ons vir die kerk nog nie 40 of 50 rand in die maand vanuit ons eie beursie gee nie terwyl ons in een maand meerdere kere 40 of 50 rand vir ons eie plesier uitgee? As iemand dit vir ons sê voel ons sommer vies. Is dit nou nodig? Of een van ons sê dat hy nog geen belydenis gedoen het nie.

Moet ons dan nie daaraan dink dat die Here Jesus vir ons sy hele lewe gegee het nie? Hy het vir ons gely om vir ons die ewige genot in die Ewige Lewe te verdien. Is ons dan selfs nie bereid om 'n sekere aand nie weg te gaan omdat ons anders ons deel vir Christus se kerk nie kan gee nie? Kom God en ons naaste by ons in die eerste plek?

DIE RASSISME KONFERENSIE – TWEE MENINGS

Van 31 Augustus to 7 September het omtrent 7000 verteenwoordigers van dwarsoor die wêreld bymekaar gekom in Durban vir die Rassisme Konferensie. Vir hierdie uitgawe van die Olielamp het die redaksie van Pretoria besluit om twee menings (van ’n blanke en ’n swart persoon) oor hierdie konferensie te publiseer.

WAS DIE RASSISME KONFERENSIE R90 MILJOEN WERD?

Ineke Roose

Die Rassisme Konferensie wat van 31 Augustus tot 7 September in Durban gehou is, het baie media blootstelling gehad. Almal weet dus iets van die konferensie af en ek is seker dat almal wel ’n opinie daaroor het. Maar wat was die doel van die konferensie eintlik? En was dit R90 miljoen werd?

In kort was die doel van die Rassisme Konferensie om ’n program op te stel waarmee rassisme en ander vorms van diskriminasie beveg en verminder kan word. Seweduisend verteenwoordigers van oor die hele wêreld het in Durban bymekaargekom, elkeen met hulle eie redes. Sommige groepe was minderheidsgroepe soos die Roma-mense (*gypsies*) in Europa, ander groepe het weer deelgeneem om diskriminasie wat vandag voorkom aan te spreek, byvoorbeeld die slawerny wat nog vandag in lande soos Niger en Soedan voorkom. Maar die groep wat die meeste aandag getrek het, was die Afrika-groep wat op vergoeding aangedring het vir die skade wat die Afrika-lande gely het as gevolg van slawerny en kolonialisme.

Die konferensie het egter op die verkeerde voet weggespring met die gedeeltelike onttrekking van die VSA. Die rede hoekom die VSA onttrek het, was dat hulle geweier het om Sionisme as rassisme te sien en hulle Israel ondersteun het terwyl ’n groot gedeelte van die verteen-woordigers Palestina ondersteun het. Dit is wel ironies dat mense wat bymekaargekom het om rassisme en diskriminasie te bespreek, so sterk een volk bo ’n ander kan stel. Dit weerspreek die hele doel van die konferensie en dit het die geloofwaardigheid van die konferensie aangetas. ’n Ander ding wat die geloofwaardigheid van die konferensie totaal vernietig het, was dat mense soos Robert Mugabe en Fidel Castro met groot toejuiging by die konferensie ontvang is. Hulle het altwee baie te sê gehad oor die skuld wat die VSA en Europa in die wêreld het as gevolg van slawerny en kolonialisme, terwyl hulle rassisme en diskriminasie in hulle eie lande aanmoedig en ook self toepas.

Nog ’n probleem was dat die Afrika-groep ’n baie dominerende rol gespeel het. Baie van die verteenwoordigers in hierdie groep het, na my mening, ook nie na die konferensie gekom met die doel om rassisme en diskriminasie te bespreek nie, maar om Europa en die VSA te dwing om vergoeding te betaal vir die skade wat in Afrika aangerig is as gevolg van slawerny en kolonialisme. Hulle probeer dus nie om versoening aan te help nie en met hulle houding wakker hulle eerder nog meer rassehaat aan.

Soos wat ek uit die media berigte kon aflei, het die konferensie ook baie op die verlede gefokus en nie soveel op die hede nie. Dit is jammer, want daar is baie vorms van rassisme en diskriminasie vandag in die wêreld teenwoordig en dit sou meer sinvol wees om dié ekstreme voorvalle van rassisme en diskriminasie te bespreek. Voorvalle wat baie ekstreem is, is die slawerny wat in lande soos Niger en Soedan voorkom. Na my mening kan hulle eerder die geld, wat die Afrika-groep eis, gebruik om die slawe wat nog in sekere lande voorkom te bevry.

Uit wat ek reeds gesê het, is dit duidelik dat daar baie probleme en foute in die Rassisme Konferensie was. Tog kan mens wel ’n paar positiewe punte ook hierin raaksien. Die belang-rikste positiewe punt is die feit dat soveel mense, van oor die hele wêreld, bereid was om saam te kom om oor hierdie onderwerp te praat en dit is al ’n baie groot stap in die regte rigting. ’n Ander goeie punt was dat baie groepe, wat minderhede in hulle eie lande is, ook die kans gekry het om hulle probleme voor die wêreld bekend te maak. Dit kan ook al help om die wêreld meer bewus te maak van hulle probleme en dit sal veroorsaak dat hulle meer steun sal kry wat sal help om die diskriminasie teen hulle meer suksesvol te kan beveg. Voorbeelde van

sulke groepe is die Roma-mense (*Gypsies*) in Europa en die Koerde in Turkye.

Dit is duidelik dat die Rassisme Konferensie beide positiewe en negatiewe aspekte gehad het. Na my mening was daar egter meer negatiewe as positiewe aspekte en daarom bly die vraag steeds staan. Was die Rassisme Konferensie, ten spyte van die positiewe punte, R90 miljoen werd? Ek dink nie so nie.

THE DURBAN RACISM CONFERENCE AND BEYOND – ANOTHER PERSPECTIVE

Willemien Kleyn

What follows is a transcript of an interview held with a black lecturer of the Social Work Department at the University of Pretoria. WK stands for Willemien Kleyn and Lec for Lecturer.

WK: Let's kick off with the following question, what do you think of when you think of racism?

Lec: Discrimination.

WK: What do you mean with that?

Lec: Well, it is basically a lack of tolerance for differences.

WK: Do you think only of black white differences?

Lec: No. Racism is more than that. Racism is also about ethnicity. Like white Africans in conflict with White English, or like Zulus versus Xhosas.

WK: What did you expect from the Durban Conference on Racism?

Lec: Eh... To be more sensitive to one another's what... eh... I think mutual... eh, yes, to stimulate mutual concern.

WK: What sort of discussion topics would you have wanted to see discussed?

Lec: You mean if I were to have had the opportunity to suggest?

WK: Yes.

Lec: To focus on overt and covert behaviour. You know there is a difference. The one you can see and the other you can't. I would suggest looking more into the less obvious.
Let me give an example.
If I were to openly discriminate against you, you would be able to see it.
I could also discriminate in a less obvious way. For example through language. I could speak so that you would not understand and thus be unpleasant company.
It is to be ostracising but in a very nice way.
Eh... Yes, I think language is actually the main way in which this is done. It is done while playing nice and friendly.

WK: Ok, let's move on to the next question. Were your expectations met by the Conference?

Lec: Not necessarily.
I think I could have expected that it could have been a starting point. I mean this sort of thing has not been done before.
The conference could help to sensitise people. But in the end it depends on us. We have to do something about racism. Such a conference is not the Alpha and Omega on racism. But I think it can be a good starting point if used well.

WK: Do you think it was used well?

Lec: No, I don't think so.
For starters people walked out in the conference.
The conference was not very constructive.
Racism is of course a very emotive issue. This is unfortunate because it makes it difficult to be objective. This defeated the usefulness of the exercise.

WK: Do you consider the walking out of America a big issue?

Lec: Not really. America is not the god of the world. They may control the world economy. They want to use their economic power to control everybody.

Walking out was bad. It was immature. But the conference could continue without America. Racism is not just about finances. Yes, money is important but it is not everything.

WK: You mention money. I've heard it said that America withdrew about the money issues. Do you think that it was relevant that money issues were touched on?

Lec: No, money is not the core issue. For sure money is part and parcel of everything we do. But it shouldn't have been seen as a major issue.

WK: In conclusion then, do you consider the conference successful?

Lec: The conference was an awareness campaign. Now we need to do something more with it.

WK: What would you suggest for the future?

Lec: People should work on it. Racism is not something that can be sorted out overnight.

WK: Like what should be done?

Lec: Like, well, I'm a parent. As parents you must talk to your children. The best place to bring change is there. We need to start small, like in families, schools and churches.
Otherwise, conferences are no use and a waste of money. One needs to start changing from inside.

WK: Thank you for your time!

Lec: My pleasure, Miss Researcher!

BIG BROTHER?!

Axel Hagg

"Voel jy ook so? Dat Bad Brad uiteindelik uit is! Ja, ek het hom ook niks *gelaaik* nie!" hoor ek twee mense laasweek gesels. Miskien gewonder wie Bad Brad is? Ek hoop so, want dit beteken dat jy jou nie besig hou met een van die mees goddelose, banale en oppervlakkige uitsendings deesdae op TV nie. Dis nou te sê as jy deesdae nog 'n TV in jou huis het… Ja, want wat sê mens nou van so 'n program soos Big Brother, oftewel Loerbroer? Is dit nou eenmaal net 'n nuwe tipe TV-vermaak, en is dit nou werklik so sleg soos almal sê. Ek bedoel, dis mos net 'n paar mense wat geïsoleerd êrens in 'n huis bly, terwyl hulle die hele dag deur kameras dopgehou word. Waarom maak almal nou so 'n bohaai oor Big Brother? Dis mos juis interessant om te sien wat gebeur as mens 'n klomp mense in 'n huis gooi en sien wat daaruit kom. Veral die sielkundiges geniet hierdie program baie! Dit is mos ideale navorsingsmateriaal?!

As jy nog nie 'n idee het waarvan ek tot nou toe gepraat het nie, moenie *worry* nie, jy mis niks nie. En as jy iets daarvan hoor of daaroor lees, sorg dat jy niks daarmee te make kry nie, behalwe om dit radikaal af te wys! En as jy weet waarvan ek praat en dit miskien self ook kyk, hou op om dit te kyk! Jy vergiftig net jouself!

Want, en nou wil ek by die kern van die verhaal kom, wat is Big Brother eintlik? Waar kom die naam en idee vandaan? Wat is die agtergrond van die hele storie? En hoekom is dit dan so verkeerd?

Om 'n volledige antwoord op en 'n deeglike uiteensetting te gee van die Big Brother verskynsel, is nie in hierdie klein artikel moontlik nie. Trouens, mens sou 'n paar honderd bladsye kon skryf oor hierdie sondige verskynsel in die samelewing. Tog wil ek net 'n paar sake uitlig wat ons, as God se kinders in gedagte moet hou as dit kom by TV-programme soos hierdie.

Almal ken seker wel die uitdrukking: "Big Brother is watching you!" (George Orwell, 1984). Daarmee bedoel ons dat al jou doen en late dopgehou word deur een of ander gesagstruktuur bo jou, sonder dat jy dit weet! Vroeër is hierdie uitdrukking gebruik om te wys op die dophou van mense deur die geheime diens (FBI) of spioene van die regering om seker te maak dat daar nie dinge aan die broei is wat 'n gevaar vir die regering of samelewing kan inhou nie. Sommige mense het selfs die gevoel gehad dat hulle konstant deur kameras of ander mense dopgehou is. Dit het mense vreesbevange laat

rondkyk! En hierdie idees het die verbeeldings van verskeie skrywers en film/TV-produsente aangegryp. En hieruit het films soos bv. “The Truman-show” en TV-programme soos “Big Brother” ontstaan. Jy word dopgehou deur iemand wat alles van jou afweet, wat elke beweging van jou volg! Jy het geen privaatheid nie, selfs nie as jy bad nie!

En, so dink die filmprodusente, is dit nie dalk oulik as jy nie net deur een persoon of geheime organisasie dopgehou word nie, maar deur die hele land! En is dit nie ouliker as daar nie net een nie, maar ‘n paar mense tegelyk dopgehou word, veral as hulle in een huis is en mens kan sien hoe hulle met mekaar omgaan? En as dit “real” is, is dit tog baie ouliker as die “*soapies*” wat op TV is, want dis tog net toneelspel. En so het Big Brother sy plek in ons samelewing gekry, met al die nodige media-dekking wat nodig is om dit ‘n “hit” te maak!

En so sien ons die mens in sy sondige, sensasionele en goddelose lewenswandel. Hy is nie gerig op sy Skepper wat alles deurgrond (Ps. 139) nie, maar probeer self God wees, self alwetend wees. En hy probeer om sy eie sondige begeertes en verlange te bevredig. In plaas daarvan dat hy homself gedra as beelddraer van God, gedra hy hom soos ‘n dier met instinkte. En daarvoor span hy Big Brother in om sy onkuise dade, woorde of gedagtes, te bevredig en goed te keur. Om die sondige in die mens te laat uitkom, dit vas te vang op TV, en almal te laat smul aan seks en sensasie! Want kom ons wees eerlik, die meeste mense kan eintlik nie wag om die figure in hierdie sieklike TV-program te sien stort, of om

te sien wie met wie in die bed gaan duik nie! En dan wonder ons hoekom daar so baie verkragtings in ons land plaasvind…! En die een miljoen rand aan die einde is net ‘n foefie om mense te lok om deel te neem en om verder die geldsugtigheid van die samelewing te bevorder!

Laat ons onsself egter onderskei van die wêreld, en nie toegee aan die verleidings om ons heen nie! Laat ons onsself soos kinders van die lig gedra en nie soos kinders van die duisternis nie! En dit vra radikale gehoorsaamheid! Want Christus het ons bevry van die slawerny van die sonde. Ook van die slawerny van Big Brother. Sit die TV af as hierdie of soortgelyke programme opkom! Laat ons ons sintuie, wat ons van Hom ontvang het, tot sy eer gebruik en nie aan Satan en die sonde ondergeskik maak nie. Laat ons ons Vader bid dat Hy ons aan ons sondes mag herken, ons die krag gee om ons daarvan te bekeer en ons toevlug te neem tot Christus, wat werklik ons Broer is! (Matt. 12:46-50).

Sosiaal

BRIEF

Hallo Almal,

Ek is gevra om 'n brief te skryf oor ons doen en late hierso, aangesien "die jeug honger na 'n ordentlike brokkie nuus van julle twee af" (Christine se woorde!). Nou ja, of dit so is, weet ek nou nie, maar ek sal in elk geval van my laat hoor!

Hier gaan dit baie goed, alhoewel ek baie terugverlang SA toe! Maar verder het ons regtig niks om oor te kla nie, is ons eintlik baie geseënd gewees hierso, want alles verloop voorspoedig.

Ek werk nou alweer langer as 7 maande en Kornelis 'n bietjie korter omdat hy later gekom het. Ek het 'n administratiewe pos by 'n chemiese onderneming (Hercules European Research Center). Soos julle kan aflei uit die naam, is dit 'n navorsingsentrum. Ek hou my besig met onder andere die soek en verskaf van alle tipes inligting aan die mense hierso. Ek het bietjie gesukkel in die begin om aan te pas, maar nou werk ek baie lekker hierso.

Kornelis werk by Baan (sagteware onderneming), waar hy rekenaarprogramme skryf. Hy het dit van die begin af baie geniet en hy leer baie daarso, was ook al op drie kursusse. Verder kan ek julle nou nie veel meer daaroor skryf nie, want ek het nou nie meer kennis daarvan nie!

Ons woon en werk albei in Barneveld, so vir beter kon ons seker nie gevra het nie. Ons woon so 5 minute se fietsry van mekaar af. Verder het ek 'n *scooter* by die uitsendbureau gekry, sodat ek nie hoef fiets te ry werk toe nie (5.6 km). Die Hollanders dink natuurlik ek is mal omdat ek daardie afstand ver vind om fiets te ry, maar nou ja, ek dink ook baie kere hulle is mal, so "the feeling is mutual!"

Ons het hier by die Vrijgemaakte Kerk van Barneveld-Voorthuizen aangesluit, omdat ons tog die tyd wat ons hier deurbring in Barneveld sal bly. Ons is baie goed ontvang deur die gemeente, baie mense stel belang en ons is al 'n paar keer uitgenooi by mense tuis. My oom en tante met hulle gesin woon ook hier, so dit was 'n maklike eerste aanknopingspunt en deur hulle leer mens ook weer nuwe mense ken. Hier woon natuurlik ook baie oud Suid Afrikaners, wat ook weer maklik is om mee kontak te maak. Ons het in die somervakansie hierso die somer Bybelstudie gevolg en bygewoon waar ons ook weer nuwe mense leer ken het, en elke tweede week 'n hoofstuk uit 'n boek behandel het. Ons albei verstaan ook die preke baie goed, en ons het al baie verskillende dominees gehoor.

Die kerkgaande mense in Nederland is absoluut in die minderheid en baie mense is ook baie spottend, negatief en half aggressief teenoor die kerk en die mense wat kerk toe gaan. Dit was in die begin nogal 'n aanpassing, hier word ook vreeslik baie gevloek (God se Naam ydellik gebruik) asof dit in die mode is. Mense het dit natuurlik ook goed hierso, dan ontwikkel 'n denkpatroon van "ek het niemand nodig nie, ek kom heeltemal goed reg op my eie".

Binne die kerk ervaar ons dit weer glad nie so nie, daar is baie gasvryheid en behulpsaamheid. Dit is waar 'n mens tuis voel.

Die weer hierso is natuurlik ook iets om aan gewoond te raak! Toe ek hier aangekom het (einde Februarie), was dit nog baie koud en het dit nog 'n paar keer gesneeu, in April nog selfs 'n keer. Ek het regtig baie koud gekry, maar dit is natuurlik niks nuuts vir die meeste mense wat my ken nie! Die lente en somer was beter, nog altyd met baie reën, maar dit is warmer, en die dae is lekker lank. Nou word dit weer herfs en lekker koud en reënerig. Ek het maar toe belê in 'n egte ski-jas. Dit is blykbaar die warmste wat 'n mens kan kry en dit is waterdig en windbestand. Wat soek 'n mens meer? Ek moet sê, in die jas het ek nog nie koud gekry nie, maar die winter moet natuurlik nog kom!

Ons het al baie van Nederland gesien. Ons het al 'n pretpark besoek (Efteling), rondrit gemaak deur Friesland en dan oor 'n afsluitdyk gery. Ook het ons 'n naweek op 'n boot deurgebring waar ons saam met familie van Kornelis deur die riviere en mere van Friesland gevaar het. Verder besoek ons baie familie en dan sien jy ook baie van Nederland. Ons was ook al Parys toe, die eerste week van September saam met 'n begeleide toer. Dit was natuurlik fantasties mooi en indrukwekkend om alles te sien. Ons het toe ook EuroDisney besoek. Baie oulik!

Ek het ook nou begin om Nederlands te leer skryf. Ek volg nou 'n kursus en dis een keer 'n week, elke Donderdagaand. Dit sal my baie help by die werk as ek dit goed kan skryf, alhoewel dit nie van my verwag word nie. Alles mag ook in Engels geskryf word. Maar dit is lekker om ook weer iets te leer.

Peter is natuurlik ook nou hierso, dit is baie lekker om al die stories weer te hoor. Hy kuier omtrent elke naweek in Barneveld. Laas naweek was ons drie saam met Rynald en Marianne de Wit en Gerrit Zielman na 'n Afrika restaurant in Utrecht. Lekker uitgeëet en Afrikaans gepraat!

So, dit is in 'n neutedop alles wat ek kan dink om te vertel. Hoop dit gaan goed met julle almal. Ons hoop om in Maart vir so twee en 'n halwe week in SA te kom vakansie hou en dan daarna nog maksimum een jaar hier te bly voordat ons permanent terugkom. Maar terugkom sal ons beslis. Suid-Afrika bly maar die beste!

Groete van Mirjam en Kornelis.

Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

SLEUTELGAT

Elke wolk het sy goue (of was dit silwer?) randjie, maar nie die Kaapse wolke nie. Die Kaapse wolke het plek gemaak vir die Afrika son met ’n lekker (soms) skroeiende goue rand. Moet julle nie misgis nie, ons kry nog die lelike dae en dis meestal op die ongepaste dae wat ons dan gepas moet maak.

Wel, een van daardie ongepaste dae was die vakansiedag. Almal kom bymekaar by Antonides se huis om daarvandaan na die Waterfront te gaan. Die **regte egte** Waterfront met die **regte** hawe en die **regte** seewater wat vanaf die oseaan **vanself** inkom … en skepe!

Dit reën in Bellville, maar in die Waterfront was dit ‘n gesellige aand. Die lug was nie koud nie, geen reën, geen massas mense nie (in ag geneem dit was ‘n vakansiedag), net ons, die Japannese/ Chinese en ‘n paar onmiskenbare Kase. Daar is rustig verkeer. Daar is selfs ‘n goeie daad vir die aand gedoen, die slang- en wurmliefhebbers het ‘n paar gaan loskoop by *Sweets from heaven*. Ek is nie seker of dit was om vis te vang in die hawe of uit liefde nie. Daarna het ons balletjies gaan rondskiet met ‘n puntstok.

Nog ‘n dag wat soos ‘n seer oog in ‘n week van mooi weer uitgestaan het, was Saterdag die 6de Oktober. Die basaar. Die son was ‘n bietjie onseker van homself, maar het sy vrees oorwin. Dit was ‘n reuse sukses, danksy almal se positiewe ingesteldhede en bydraes. Ons kon ons kongrespot ‘n lekker hupstoot gee. Dankie aan almal.

Ilse het vir ons ‘n lekker braai gereël by haar huis dieselfde aand. Maarten het sy kitaar uitgehaal en die mense vermaak. Theo het (sy) **theo**rie gehad oor rook en drugs. Ek is seker almal was pootuit aan die einde van daardie besige dag.

Ons kan nie vergeet van die onvergeetlike, heerlike pannekoekaand wat ons by Dominee Viljoen en gesin gehad het nie. Ons het 'n nuwe weergawe vir *Vele hande maak ligte werk*: Vele hande maak lekker kos! Theo het afgewyk van die tradisionele pannekoeke en sy artistiese kant gaan verken. Hy het vorendag gekom met ‘n uitroepteken-pannekoek, wat selfs sy amper oneetbare, kolossale ronde pannekoeke oortref het.

Dominee het ons weer genooi vir volgende maand, so laat ons maar die reëlings begin tref. Baie dankie Dominee en tannie Emyn!

Het jy rooigehuilde oë gesien die laaste tyd? Ek ook nie, miskien is dit omdat die matrieks te bly is hulle is amper klaar met skool. Met mooi rokke en deftige pakke het die matrieks hulle eindfunksies gaan bywoon. Chrisjan en Hester se aankoms was nie ‘n groot genoeg opskudding om almal se aandag van die helikopter af te kry nie.

Ons jeug is darem nou weer sosiaal heelwat meer op dreef. Laat ons so voortgaan. Ons het besluit om ‘n sosiale persoon aan te stel om ons sosiale kalender stabiel te hou. Daarmee saam kom die nuwe JS vir volgende jaar. Ewart, ons maak op jou staat!

Sopas ingekom van Gauteng is Gerjan. Dis altyd lekker om nuwe (òf in elk geval relatief nuwe) gesigte in die kerk te sien. Welkom, Gerjan. Vir die wat bang is Gerjan kom dalk onverwags op besoek - moenie vrees nie, jy sal hom hoor aankom! Dit sal jou nog genoeg tyd

gee om jou kamer op te ruim en die hele huis te stofsuig.

Ons het nog ‘n lekker aandjie op Clifton gekuier. Ons hoor ewe skielik ‘n oorverdowende gerommel, wat ons eerste gedink het was: Soek Amerika nou al vir Osama Bin Laden in Suid-Afrika? Annamarie en Gerjan kom toe aangeloop, blykbaar het Annamarie ‘n *lift* van Gerjan agterop sy enjin gekry. Nadat ons oor die skok was, kon ons lekker gesellig kuier.

So kom die kongres dan ook nader, ek verneem dat almal opgewonde is en dat die vakansie nou net vinnig moet nader kom. Wat seker ook sal gebeur.

Iemand peuter met die sleutel, ek kan nie meer goed sien nie. Dit sal dan maar al moet wees vir nou!

VOETSPOOR

Hallo almal!

Hier is ek weer. My voete net ‘n bietjie seer van al die rondsluip, maar verder gaan dit goed. So tussen die baie besige tyd wat Voetspoor gehad het, kon hy darem nog so hier en daar inligting versamel oor wat die jeug alles aangevang het.

Laat ons wegspring. Allereers het Maranata se Sondag vereniging ‘n skitterende safari-ete gereël. Die tema was S en almal moes s-erig aantrek. En was die verskeidenheid nie groot nie! Daar was skilderye, skaters, skisofrene (ek hoop ek het dit reg gespel) en nog vele meer. Die ete was uit die boonste rakke en almal het lekker saam gekuier. Dankie vir al die moeite!

Dan het JV Hoeksteen ‘n *volleyball* dag gereël. Almal moes om 9:30 (‘n berugte tyd vir Gautengers) registreer. ‘n Halfuur later, 'n rekord tyd, het die spanne dit begin uitswoeg. Soshanguve het ook ‘n span ingeskryf. Die dag is uiteindelik deur Linken-Park, ja, dis hul span se naam, gewen. Hulle het dit seker te danke gehad aan die lae nette en hulle minder lae liggaamsbou. Ondanks die groot droogte, ag ek bedoel hitte, was dit ‘n groot sukses.

Die studente-vereniging-komitee, groot woord nè, het weer ‘n studentevereniging aand gereël en Oom Heiberg (snr) het met ons kom praat oor postmodernisme. Dit was ‘n baie interessante aand en ons mog baie van hom leer. Ook het ons agtergekom dat postmodernisme ook in ons lewe voorkom, al sien ons dit nie altyd raak nie. Die aand is afgesluit met ‘n kuiertjie na die tyd.

Teen die tyd dat die blad uitkom behoort die swem eskapade al weer iets van die verlede te wees. Maar aangesien dit nou nog nie gebeur het nie, laat ek gou vertel. Op Saterdag 27 Okt gaan jonk en oud die water aandurf om geld in te samel vir De Verre Naaste se ondersteuning van Christiaan Haak, voornemende sendingsvlieënier by die MAF, se finale opleiding. Ons gaan 25 m lange lengtes swem en word dan per lengte geborg. Voetspoor gaan ook maar die water aandurf, al is swem nou nie een van Voetspoor se beste maniere om voort te beweeg nie. Maar dit is vir ‘n goeie doel en dus is hy daar.

Dan het Patty (Gerjan) ons vir ‘n rukkie verlaat en homself gaan vestig daar onder in die Kaap. Ons hoop jy geniet jou tyd daar en dalk sien ons jou weer hierbo in *Gangsters Paradise.*

Dan was die vakansie ook een of ander tyd hier by ons. Jammer genoeg was dit so vinnig weer verby gewees dat ons dit amper nie eers agtergekom het nie. Maar gelukkig kon ons almal darem ‘n bietjie uitrus, die wat so gelukkig was.

Laaste, maar nie die minste, wil Voetspoor namens al die jeug vir die volgende egpare BAIE GELUK sê met jul groot dag. Nie volgens volgorde nie, Johannes en Erika de Vries; Jean en Lientjie Goodey; Hannes en Annemarie Venter en Roelof en Ronel de Jong. Ons wens julle alle sterkte met die getroude lewe.

En dis al vir vandag se program. Volgende keer dieselfde tyd, dieselfde plek.
Vriendelike groete,
Voetspoor

NUUS VAN DIE KONGRESBOESMAN

Dit is weer tyd om die veer in die ink te druk en te vertel van Boesman se omswerwinge en kongresplannetjies. Boesman kan met trots aankondig dat daar finaal deur die raad van die formele ete besluit is, dat die tema "western" en "country" is. So ons verwag julle daar met velhoede, silwer wieletjies agter op julle stewels, blokkieshemde en uitgewasde denims. Die meisies kan hulle hemde voor knoop, sodat ons hulle maklik kan onderskei van die growwe-baard mans. Sekuriteitswagte word ook vir julle perde gereël, so niemand hoef inderhaas ekstra geld op perd-alarmstelsels te spandeer nie. Maar soos julle weet is ‘n geweer in elke sy tradisionele *western* beveiliging en dit word wel toegelaat vir die geleentheid. ‘n Romantiese aand tussen hooi bale en paraffienliggies gaan volgens Boesman net een kant toe … nog ‘n wenresep! Maar oor die resep blaker ek niks uit nie. In elk geval sou julle my nie glo as ek sê dat ons krokkedilstert filette eet nie?!

Vir die werkswinkels gaan ons in die November uitgawe van die paraffienlig, ag ek bedoel, die Olielamp vir julle voorstudie wees. Een van die onderwerpe is postmodernisme (‘n lekker grooot woord nê, maar toemaar, dit beteken net dis die tyd waarin ons lewe), maar Antione gaan dit nog alles mooi vir ons verduidelik. ‘n Ander werkswinkel gaan oor een of ander Afrika geloof. Ons dink nog watter een (voorstelle na: Die Boesman, Posbus Kaktus 2, Kalahari). Gelukkig het die dominee al ingewillig om te praat oor eintlik enige geloof! Ja, ons het maar oulike sprekers hier in Gauteng, maar wat kan mens anders verwag? Boesman en sy oulike spannetjie is ook Gautengers, dit verduidelik ook al baie. Oor die ander twee onderwerpe verras ons julle later!!

Verder het die Maranata jeug al gaan kennis maak met Willie en Riesl Spies wat natuurlik die kongres ouers is! Ons het ‘n fantastiese gesellige aand daar gehad! Nou beplan ons weer ‘n kuier, maar die keer nooi ons die Pretoria gemeente ook uit om te kom kyk hoe oulik die kongresouers is! Ai, partykeer wens ek dat ons al 2 maande verder was! Dan kon ons julle almal by *Die Hoekie* gesien het! Maar byt vas ouens! Die vet jare is om die draai!

Almal sien vreeslik uit na die kongres, maar ek bemerk tog ietwat van ‘n bangheid by die groentjies…. En seker nie sonder rede nie ☺. Want soos elke goeie kongresjaar word daar ook ontgroening gereël. Gelukkig is die reël dat as mens eenmaal deur die ontgroening is, dan is julle ware en eerbare kongresgangers net soos die van ons met jaaaarrrree se ondervinding (en glo my dit word beter met die jare!). So kom, julle almal!! Na die eerste aand is die ontgroening verby en daarna is dit groot pret!

Ons wil net asseblief ook vra dat die Kaap en Johannesburg solank begin *volleyball* en sokker oefen, want anders sal julle soos mis voor die son verdwyn … boesmans is ‘n ander soort as die Zoeloe iempies, maar ons hou net so min van verloor, so opdraande vir julle daar aan die ander kant van die Magaliesberge!

As jy my eggo hoor, dan roep ek ‘n groetwoord oor die Magalies- en Soutpansberge, op ‘n Saterdagaand met ‘n koel briesie.

Groetnis!
Die kongresboesman

DIE DOEL VAN DIE LEWE?

Was daar al tye wat jy gewonder het oor die doel van jou lewe? Tye wat jy gedink het alles lei na niks? Soms sien mens al die sonde in jou eie lewe en die lewe rondom jou raak. Alles lyk dan baie donker, selfs die toekoms. Dan kan ‘n mens soms so magteloos voel en so kwaad word oor alles wat gebeur. Tog mag ons weet dat daar ‘n groot Troos is in ons lewe. Jy het ‘n doel, al verstaan jy dit soms nie. Die lewensdoel moet jy in Christenskap uitleef en besef jy is nooit alleen nie. Daar is Vlerke wat jou dek en

waaronder jy kan skuil. Die volgende gedig gaan dan ook oor die skrywer wat die doel op aarde bevraagteken en op die end tog besef: Lewe is in God se hand. God wat sy lewe vir ons gegee het en wat ons ook met blydskap mag gedenk elke keer as dit Nagmaal is.

Anita Zielman

Lewe

Hier geplaas met ‘n doel
Waar lewenswaters jou oorspoel.
En tog ek wonder: waarom
is paaie soms so vreeslik krom?

Dan: met ‘n gesig, gerig na Bo,
Daar’s ‘n Vader waarin jy kan glo!
Gesterf het aan die kruis van hout
Vir ons, ‘n ewige lewens behoud.

Vertrou dan op Hom;
Van wie genade en liefde kom.
Deur sy dooie vlees
skep Hy in jou ‘n nuwe gees.

Wees dan bly en opgewek:
vir jou is ook dié Tafel gedek.
Sit dan aan: eet en drink;
die nuwe lewe: vir jóú in geskink.

Anoniem

VERJAARSDAE

Bethal	
Jean Sausberg	14 Des
Johannesburg	
Reinier de Haan	12 Nov
Dirk Bijker	22 Nov
Idelet Kuyvenhoven	5 Des
Johann Reyneke	7 Des
Marietjie Bijker	22 Des
Kaapstad	
Floris Antonides	17 Nov
Arjan van der Lugt	22 Nov
Hermie Kooyman	23 Nov
Peter Raimond	7 Des
Jaco Haak	8 Des
Elizabeth Raimond	10 Des
Magda Geleijnse	31 Des
Giny van der Vinne	31 Des

Maranata	
Cora Visser	16 Nov
Sietse van der Meulen	24 Nov
Regina van den Bout	30 Nov
Johan Sterk	1 Des
Willem Sterk	1 Des
Axel Hagg	2 Des
Gerda de Jager	9 Des
Marijke Aartsma	9 Des
Matthijs van der Hout	13 Des
Renier Kampman	13 Des
Pretoria	
Albert-Jan Zielman	12 Nov
Johan Bijker	15 Nov
Anita Spies	23 Nov
Carina Bijker	5 Des
Tanya de Vente	7 Des
Ronel van der Linden	19 Des
Timo Schuring	28 Des